

**Visie:** Gedring deur God se Liefde, leef ons om Hom te verheerlik  
**Missie:** Koinonia, Geloof en Getuienis

Jaargang 23

2de Kwartaal 2022

## PINKSTER 2022

Die Pinksterdienste is vanjaar vanaf Sondag, 29 Mei tot Donderdag, 2 Junie by die NG Kerk Parys-Oos gehou en is deur ds. Barend Steyn van Bloemfontein gelei. Die oorkoepelende tema was **Bybelse Spiritualiteit** en die sleutels daartoe wat in die evangelies van Matteus, Markus, Lukas en Johannes en ook in Jakobus te vind is.



**Matteus:** Die Sondagaanddiens van 29 Mei het die eerste vorm van Bybelse spiritualiteit beklemtoon uit die boek Matteus, met as sleutelwoord: geregtigheid.

Die Skriflesing was uit Mat 5 : 6, 10 en 20 waar Jesus sy seën gee aan iemand wat "vervolg word ter wille van wat reg is" teenoor Sy afkeur van die Fariseërs se harde toepassing van die wet.

Die vervulling van die wet geskied op drie vlakke:

- (i) die eis van 'n kliniese gehoorsaamheid aan die wet - soos dit deur die Fariseërs beoefen is;
- (ii) 'n gee-en-neem verhouding waar genade ook 'n rol speel;
- (iii) 'n plekmaak vir God in die wet.

By laasgenoemde kan ons praat van 'n aktivistiese spiritualiteit (vers 10) waar God seggenskap het en Hy uitkoms sal gee uit onreg. Ds Steyn het hier die treffende voorbeeld van Emily Hobhouse gebruik wat, ter wille van geregtigheid, 'n vurige kampvegter was teen die liefdelose hantering van vrouens en kinders in die konsentrasiekampe van die Anglo-Boere oorlog.

**Markus:** Die tweede aand met Markus 9:1-8 as teksgedeelte het gehandel oor mistiek as Bybelse spiritualiteit.

Toe Petrus, Jakobus en Johannes saam met Jesus op die berg van verheerliking was, het hulle 'n mistieke ervaring gehad.

Die lewe van Julia van Norwich (1334 - 1415) is 'n goeie voorbeeld van 'n mistieke ervaring en die gevolge daarvan. Sy het tydens die Swart Dood tot sterwens toe siek geraak. Op haar sterfbed het sy 'n visioen gehad waarin sy 'n haselneut (as beeld van die skepping) vasgehou het. Sy het daarvoor nagedink en besef dat God alles geskep het, Sy skepping liefhet en dit sal bewaar en onderhou. Haar hele lewe daarna het sy aan God toegewy en geleef met die slagspreuk: "All shall be well".

Visioene gebeur nie elke dag nie. As dit wel gebeur moet daar ernstig daarvoor nagedink word. Die Pinksterbidure in die NG Kerk is die gevolg van 'n visioen wat ds GWA van der Lingen in 1860 in die Paarl gehad het en wat die lewens van duisende mense geraak het en nog steeds raak. Die mistieke ervaring van die dissipels, van Moses, Elia en Jesus bymekaar op die berg, het hulle laat besef dat die Wet en die Profete en Jesus se werk bymekaar gekom het en so is alles vervul.

**Lukas:** Die sleutel tot spiritualiteit wat in hierdie evangelie te vinde is gaan oor (gesamentlike) maaltye. Maaltye is belangrik in die Bybel en dikwels word sekere gebeure met 'n maaltyd afgesluit. 'n Gewone maaltyd is heilig en ons kan dit blasé en onnadenkend gebruik of bewus wees van die voedsel wat ons eet en dat lewe geneem word om ons lewe, wat heilig is, in stand te hou. Ook die tafelgebed is 'n oomblik van heiligheid. Die Nagmaaltafel is God se tafel. Hy rig 'n inklusiewe uitnodiging en daar is almal welkom, Hy sluit niemand uit nie. Wat doen ons en hoe beleef ons die maaltye aan ons eie tafels?

**Johannes:** In Johannes gaan dit om die groei van die verhouding tussen God en mens en hier is die vrug die sleutel om ons verhoudings te verdiep. Jesus is die wingerdstok en ons is die lote wat in hom ingeplant moet wees om te kan vrug dra. Wat is die vrug? Volgens 1 Kor:13 is dit geloof, hoop en LIEFDE. Gal 5 leer ons van die vrug van die Gees en die lys begin met liefde, die moeder van al die ander. In Johannes gaan dit ook oor die drie weë, nl die skoonmaakpad om van sonde ontslae te raak, die proses om die Bybel toe te laat om die lig op

jou pad te wees en derdens om die Heilige Gees wat reeds in jou woon toe te laat om jou al meer te vul.

**Jakobus:** Hierdie boek verskil van die evangelies omdat Jakobus 'n ander invalshoek gebruik. Hy vra ons om te kies tussen die “breë en die smalle weg”, maar hy waarsku ons ook dat 'n keuse vir die smalle weg sal beteken dat daar verskillende versoekings oor jou pad sal kom:

*Die tong:* Taal is 'n gawe van God wat ons nie mag misbruik nie. Saam met taal kom die versoeking van die tong en die uitdaging om jou tong onder beheer te bring. “Die swaarste voëltjie om te vang is woorde waarna mens terugverlang.”

*Die hart:* Wat gaan in jou hart aan? (Ps 31)

*Die bene:* Jak 4. Ons kom dikwels in die versoeking om te dink dat ons op ons eie bene kan staan. Deo Volente – as God wil – kom uit hierdie gedeelte.

*Hande (in die hande kry):* Jakobus waarsku ons teen die versoeking om besittings op te gaar en jou hart daaraan te hang. Wat maak ons met alles?

Jakobus vra ons om te kies, hy waarsku ons teen versoekings, maar hy gee ook die oplossing. Hy begin en eindig die boek met die idee van “volharding”. Volhard tot die einde en die beloning sal daar wees.

*Lukas Meyer & Elize Bekker*

## **ONS SENIOR BURGERS - 80 JAAR EN OUER**

Gelukkige verjaarsdag! “Mag dié God (wat vrede gee) julle toerus met alles wat goed is, sodat julle sy wil kan doen.” Heb 13:21

### **APRIL:**

02 – Nico Oelofse (86): Dit gaan goed al bring die ouderdom mee dat sy gesondheid nie baie goed is nie.

06 – Marina Smith (80): Sy word in die kliniek by Sally Martin Park versorg.

13 – Nellie Schlebush (90): Tannie Nellie is tans in die versorgingsafdeling van Najaarsrus, maar hoop dat dit gou beter sal gaan.

18 – Heila Botha (89): Tannie Heila se rug pla, maar verder gaan dit goed.

22 – Eleanor Coetzee (85): Tannie Ellie is tans in die versorgingsafdeling van Najaarsrus en dit gaan nie baie goed nie. Hoop op beterskap.

24 – Dinkels Schultz (87): Tannie Dinkels bly baie lekker in die afdeling

vir verswakte bejaardes by Sally Martin Park. Sy is baie gelukkig en tevrede en dankbaar vir die goeie behandeling wat sy daar ontvang.  
27 – Valerie Ellis (81): Dit gaan baie goed en sy het geen klagtes nie.

### **MEI:**

01 – May Uys (87): Geniet goeie gesondheid, bly nog in haar eie huis, bestuur haar motor en gaan doen inkopies.

02 – Gert Coetzee (80): Gert het 'n groot rugoperasie ondergaan en hy herstel stadig. Loop ook moeilik. Kinders uit Taiwan het vir 'n week kom kuier!

06 – Liefie Nel (80): Sy het 'n operasie ondergaan en het goed herstel en dit gaan goed.

07 – Nellie de Swardt (81): Haar bene is 'n bietjie onwillig, maar verder gaan dit goed. Sy help nog haar dogter met boekhouding!

10 – Hazel Wentworth (84): Dit gaan goed, geen groot klagtes nie!

15 – Alet Fourie (85): Haar een knie is baie seer. Verder gaan dit goed.

24 – Geurt du Preez (85): Gaan baie goed, geen klagtes nie!

24 – Micky Heese (81): Haar rug gee probleme en sy loop baie moeilik. Verder gaan dit goed.

28 – René Theron (83): Dit gaan baie goed. Geen probleme nie.

### **JUNIE:**

02 – Bok Ludwick (86): Dit gaan baie goed – eintlik 100%.

09 - Alwyn Pieterse (80): Dit gaan goed ten spyte van probleme met sy oë.

20 – Gawie Nel (92): Oom Gawie se gehoor is baie swak. Hy was ook in die hospitaal met hartversaking en longprobleme, maar dit gaan weer beter. Hy bly steeds by sy dogter in Stilfontein, maar is nog 'n lidmaat van Parys-Wes waar hy vir baie jare op die Kerkraad gedien het.

20 – Louis van Rensburg (85): Die gaan oor die algemeen goed. Hier en daar is daar iets maar “gelukkig is daar 'n pilletjie vir elke pyn!”

21 – Cobus Myburgh (92): Hy het 'n paar pyne, maar is dankbaar dat dit nog goed gaan en dat hulle nog steeds kan kamp.

### **ONDERSTEUNING AAN SENDELINGE**

Ons gemeente ondersteun 4 sendeling-egpare direk. In die vorige uitgawe was daar iets oor die egpare Robbertze en Hugo. Hier is nou 'n bietjie inligting oor die egpare Lourens en Bloemhof.

**Jaco en Heleen Lourens:** Hulle werk saam met OM (Operasie Mobilisasie) en is tans by OM se opleidingsbasis in Pretoria, waarheen hul verlede jaar getrek het. Hulle is betrokke by die opleiding van voornemende sendelinge d.m.v. die Mission Discipleship Training program. Bid asb vir die opleiding van sendelinge en vir die Lourens-gesin en hulle aanpassing in Pretoria.

**Ds Johan en Rita Bloemhof:** Hulle werk reeds 39 jaar in Parys, Frankryk om die liefde van Jesus te demonstreer en uit te dra na 'n nasie wat baie min van Jesus weet. Deur die internet het hulle tydens inperking nog meer mense bereik, ook veel wyer as Frankryk, aangesien Frans in baie lande, o.a. ook in Afrika, gepraat word! Die evangelie trek tot binne in mense se huise. Die webwerf met christelike materiaal vir kinders is in 23 tale vertaal en het 86 400 kinders in lande reg oor die wereld bereik, selfs waar Christene vervolgt word. Deur die webwerf kan kinders ook met beraders gesels oor hul vrae en probleme. Besoek gerus die webwerf by [wondersurf.com](http://wondersurf.com) en moedig ook jou kinders of kleinkinders aan om dit te besoek. Bid vir hulle en vir elkeen wat hoor van Jesus, selfs deur die internet. *Hortense Hugo – Maart 2022*

## **NUWE INTREKKERS**

Baie welkom aan die volgende nuwe intrekkers in die gemeente. Ons vertrou dat jul betrokkenheid by NG Parys-Wes vir jul tot seën sal wees. Gewillige hande is altyd welkom en ons wil jul uitnooi om by een van die taak-of diensgroepe betrokke te raak. Kontak gerus die kerkkantoor as julle iewers wil help.

<b>Naam</b>	<b>Van</b>	<b>Vorige Gemeente</b>	<b>Wyk</b>
Jaco, Juanita, Wicus en Rianette	Du Plessis	Philippolis	Le Roux
Niel	Els	Vredefort	Dwars
Jurgens	Pieterse	Vyfhoek, Potchefstroom	Loop
Gideon	Swart	Die Bult, Potchefstroom	Allenby

*Gebed is 'n manier om elke dag Huis toe te bel. Dit gee jou 'n gevoel van tuiskoms in God se Skepping. Dit vul jou met 'n vrede wat die wêreld nie kan gee óf steel nie. - EG Hunt*

## SOP- EN- BROOD-AAND

Om hul werk te doen, moet die Diensgroepe van die gemeente gereeld een of ander plan bedink om fondse in te samel. Van die geleentheid het al 'n instelling geword en Vrydagaand, 27 Mei, was dit weer die jaarlikse sop-en-broodaand wat as gevolg van Covid bietjie in die slag gebly het.

Daar is beplan, kaartjies is verkoop en toe is daar 'n klomp potte sop gekook en brood gebak wat genoeg vir ongeveer 140 mense moes wees. Sowat 90 mense het hul sop-en-brood vroeër die middag kom haal en die res het die aand heerlik saam gekuier en die groente-, ertjie-, pampoensop en die varsgebakte brode geniet. Die aand is afgesluit met 'n lekker koppie koffie en 'n groter as gewone krimpvarkie.

Baie dankie aan die Diensgroep Getuienis en almal wat gehelp het om die geleentheid moontlik te maak. Dit bly 'n hoogtepunt op die kalender.

## KOFFIE-EN-KUIERGROEP

Die dames van die koffie-en-kuiergroep het verlede jaar gedurende die winter begin om mussies vir die Mponeng Primêre Skool net buite Parys te brei en te hekel. Daar is 107 mussies voltooi en dit word gedurende Junie aan die skool oorhandig.

Daar was 'n behoefte by Amot vir kniekomberse. Na die mussieprojek het die groep met die komberse begin. Anneke van Anna Patat op die dorp het verneem van die projek en op haar winkel se bakkiesblad 'n beroep op dames regoor die land gedoen om gehekelde of gebreide blokke, asook klaar komberse vir die projek te skenk.





Ongeveer 122 komberse is voltooi en daar is nog 'n paar waar aan nog gewerk word. Die kombersies gaan ook so as gou moontlik uitgedeel word.



Van die komberse is reeds middel Junie by Amot aan 'n paar dankbare ontvangers gegee wie se bene nou bietjie warmer sal wees.

Dankie aan elke dame van koffie-en-kuier wat hard gewerk het om die mussies en kombersies te maak. Dankie ook aan Anneke van Anna Patat vir haar bydrae met die bekendstelling van die projek. Dankie ook aan elkeen wat wol geskenk of donasies gemaak het vir die aankoop van wol. Die projekte gaan voort en alle bydraes daarvoor is baie welkom en word opreg waardeer.



Die Koffie-en-kuiergroep kom Dinsdagmiddae om 14:00 by die saal bymekaar en elke dame in die gemeente is baie welkom om saam te kom kuier en om 'n koppie koffie te geniet. So tussendeur word daar steeds aan projekte gewerk. Die volgende een is reeds weer geidentifiseer. Skakel gerus vir Cynthia (083 447 8228) om te hoor hoe jy betrokke kan raak. *Cynthia Bergh*



*Kommentaar of bydraes vir die Posduif kan gestuur word aan [hansieb@lantic.net](mailto:hansieb@lantic.net). Jul is ook welkom om Hansie of Elize Bekker te skakel by 056 811 4754 of 082 820 4306*

## MPONENG SKOOL - 'N GETUIENIS VAN IEMAND WAT OMGEE

Vir baie van ons is en was die naam Mponeng, wat dikwels op ons afkondigings verskyn, bloot 'n naam. Maar in die mooie koepel van Parys omtrent 13 km uit die dorp op die Venterskroonpad, tussen groot koeltebome, vind jy die Mponeng Primêre skool - 'n skool met 'n besondere geskiedenis.

In die vroeë jare 80 neem Walta Viljoen (skoonpa van ds Barry se vrou, Ina), die boerdery van die familieplaas Viljoensrus oor, na sy aftrede as adjunkhoof van Hoërskool Bergsig in Rustenburg. Hy word bewus daarvan dat sy plaaswerkers nie kan lees of skryf nie en sy onblusbare onderwysgees sorg vir 'n plan. Hy omskep 'n groot melkstal in 'n klaskamer en na die werksdag, kry die werkers klas by hom en sy vrou, ook 'n oud-onderwyseres, wat

Tswana/Sotho vlot kon praat.

Algaande kom die besef dat die kinders van die plaas grootword sonder formele opvoeding en dit lei die boer tot die bou van drie klaskamers, digby die grootpad. 'n Boorgat voorsien hulle van water. Met behulp van die destydse Transvaalse Onderwys Departement (TOD), kry die skool 2 onderwysers waarvan die een terselfdertyd die pligte van skoolhoof waarneem en beide word deur die TOD betaal. Ongeveer 10 jaar na die begin van die skooltjie, het die eienaar die grond waarop die geboue was, laat afsny en dit omhein en in 2000 word die skool aan die TOD verkoop.

Parys-Wes gemeente was uit die staanspoor, onder leiding van ds Frans van der Merwe en die Diensgroep Getuienis, by die





skool betrokke. Hulle sorg vir Sondagskool, vir maandelikse sop en brood en 'n jaareind-funksie vir die kinders. Oom Johan Schultz met sy kitaar en liedjies was 'n treffer by die afsluitingsfunksies. In 1996 word Alida van Zyl, eggenote van Thys van Zyl, die skoolhoof en vir 9 jaar, tot met haar dood, doen sy kosbare werk. Na haar word Dalene Vorster aangestel en vanaf 2012 staan René Jordaan aan die spits van die skoolsake.

Vandag het die skool 'n leerlingtal van 145, 'n personeel van 4 onderwysers, 8 onderwysstudente en nog 5 klashulpe. Daar is ook 2 dames wat kook. Die voedingsbron vir die skool is vandag heelwat

### **LOURENSE BESOEK PARYS-WES OP VERVOLGINGSONDAG**

Op Sondag 12 Junie (Vervolgingsondag) het ons gedink aan Christene wat vervolgd en gedood word vir hulle geloof. Om daarmee saam te val het Jaco en Heleen Lourens en hul dogter, Suané, ons gemeente besoek om van hul werk te vertel.

Met die preek uit 1 Sam 7: 12 herinner hy ons dat Ebenhaeser verwys na “klip en help”. Dit beteken dat die Here help en dat ons sy hulp in ons lewens moet raaksien. Suane het aan almal in die kerk 'n wit klippie uitgedeel wat ons op 'n prominente plek in ons huise kan neersit om ons daaraan te herinner dat Hy ons help. Jaco en Heleen vertel ook op aangrypende wyse hoe die Here hulle deur hulle lewe gelei en gehelp het. Voorheen het hul in Kenia en Somaliland gewerk en tans werk hulle by Operasie Mobilisasie se opleidingsterrein buite Pretoria. Daar is hulle aktief betrokke by die opleiding van sendelinge.

Die boodskap roep ons onder andere op om die Here se Hand raak te sien en 'n erfenis na te laat deur te getuig en te bid..*Hortense Hugo*

groter en die kinders word daagliks per bus aangery uit die omgewing. Voorskoolse sorg en graad R is ook intussen bygevoeg. Die taal van onderrig is Engels met Sotho in die grondslagfase. Die gemeenskap waaruit die kinders kom, is regtig baie arm weens werkloosheid.

Die Diensgroep Getuienis kon in die verlede met beperkte fondse, help met 'n grassnyer, 'n kopieërder en warm baadjies vir die armste kindertjies. Die skooltjie lê ons na aan die hart en ons hou graag die tradisie in stand met ons betrokkenheid by hulle. Hou hulle ook maar in u gedagtes en gebede.*Diensgroep Getuienis*



Kobie Lourens en ds Barry van Wyk saam met die Lourense  
Vir meer inligting oor Geopende Deure, gaan na hul webwerf by  
<https://www.opendoors.org.za/afr>.

## BLOMMERANGSKIKKINGS IN DIE KERK

Dankie aan Lehane Rothmann wat sorg dat daar elke Sondag 'n blomme-rangskikking in die kerk is. 'n Rangskikking is baie soos 'n skildery, 'n gedig of 'n ander kunswerk. Ons sien dit maar weet nie altyd wat dit simboliseer of vertel nie. Die rangskikking op die foto was op Paassondag, 17 April 2022 in die kerk en Lehane is gevra wat die simboliek daarvan is. Sy het dit soos volg verduidelik:

*“Op die voorgrond is daar twee vase met blomme wat wat die 11 apostels verteenwoordig. Die swart lappie in die middel en die sakkie met geld daarin, verteenwoordig vir Judas.*

*Op In die middelste deel lê die doeke waarmee Jesus toegedraai was en ook die doringkroon.*

*Die agterste deel versinnebeeld die oop graf. Die rooi roos in die middel, sê dat Jesus uit die graf uit is en leef.*

*Die wit blomme kan dalk die engele uitbeeld, of die mense rondom die oop graf of kan dalk Jesus se lewe op aarde uitbeeld. Party mense sien selfs 'n hart in die wit blomme.*

*Elkeen kan vir homself besluit wàt hy sien, solank daar net n boodskap oorgedra word.”*



## **UIT DIE KERKKANTOOR BASAAR – 30 JULIE 2022**

Ons basaar vind D.V. plaas op Saterdag 30 Julie 2022 en ons het almal se hulp en ondersteuning nodig. Die beplanning begin binnekort. Indien daar nie 'n diaken of ouderling in u wyk is wat die basaarlys rondneem nie, kan u gerus die kerkkantoor skakel om u bydrae te maak. Die volgende items is baie welkom: Handwerk, geskenke, groot koeke, klein koekies, beskuit, gebakte poeding, vla, jellie (4 van 'n soort), plante, konfyt, ingelegde produkte, bestanddele vir pannekoek, 'n bees, 'n skaap of kontant, ens, ens..... Alles is welkom, insluitende u hulp met die voorbereidings en ook op die dag van die basaar. Help asb.!

## **VERKIESING TOT DIE KERKRAAD**

Baie geluk en welkom aan Mike Trollip en Gert Olivier wat onlangs as ouderlinge voorgestel is. Gert is terselfdertyd gekies as voorsitter van Taakgroep Eiendomme.

## **KOFFIE EN TEE NA EREDIENSTE**

Dames, indien u bereid is om op Sondag na die eredienste te help met die bediening van koffie/tee en eetgoedjies, kontak asb. die kerkkantoor. By die koppies is daar ook 'n houer vir donasies. U bydrae in die houer is baie welkom aangesien dit gebruik word vir die aankoop van koffie, tee, suiker en melk. Baie dankie vir u bydrae!

## **GLENIFFER-ETE**

Die ± 65 inwoners van Gleniffer is op 17 Mei 2022 getrakteer op heerlike kerrie en rys, broodjies en roomys. Weereens baie dankie aan almal wat hier betrokke was en gehelp het!

## **KOFFIE-EN KUIERGROEP ROOIBOSTEE KUIER**

Op Dinsdag 31 Mei het Valerie (Annique Rooibostee Konsultant) die dames getrakteer op 'n rooibostee inligting-en proe-sessie. Daar is heerlik gekuier en geklets en as u wonder wat gebeur nog by die groep, as hul nie tee drink nie, gaan kyk gerus na die berig oor die mussies en komberse wat hulle gebrei en gehekel het. Die berig verskyn elders in hierdie uitgawe van die Posduif.

## **HER-INDELING VAN WYKE**

'n Opname rakende lidmaatskap van die gemeente is vroeër vanjaar onder gemeentedele gedoen. Sowat 50% van die lidmate het gereageer. Die kerkkantoor is besig om die inligting te verifieer en waar nodig sal die wyksindeling hersien word. Op hierdie stadium lyk ons gemeente wat wyke/getalle betref, so:

<b>Lidmate: 537 belydend, 75 dooplidmate, 6 ongedoop = Totaal 618</b>		
<b>Wyke:</b>	<b>32</b>	<b>Vakant</b>
Diakens	8	24
Ouderlinge	6	26

Veertien wyke het nie 'n ouderling of 'n diaken nie. Indien u bereid is om te dien as ouderling of diaken of as hulp in 'n wyk, skakel asseblief met die kerkkantoor.

## **OP 'N ERNSTIGE NOOT**

Finansies is 'n tema wat ons basies elke dag van ons lewens op een of ander manier besig hou - by die huis, by die werk, by die inkopiesentrum en ook by die kerk. Ons doen begrotings en pak projekte aan om die begroting te laat klop, maar dit is nie so maklik nie. COVID-19 het ons vir 'n geruime tyd finansiëel gestrem, mense se inkomste het verminder en onverwagse uitgawes het kop uitgesteek.

MAAR, ons weet God sorg vir Sy kerk en sy mense! MAAR, (nog 'n MAAR), wat staan ons te doen? Is ons betrokke by die gemeente en sy werk? Skakel ons in by 'n Taak- of Diensgroep, of as ouderling of diaken? (*Kyk na die ouderlinge en diakens se vakante syfers in die wyke hier bo*). **Pas ons, ons dankoffer-bydraes aan?**

Ons gemeente het goed oorleef tydens die pandemie, (*Dankie Here vir U genade!*) maar skielik, terug na byna normale tye, neem die erediens getalle af, dit is minder as wat dit was voor COVID-19 ons getref het. Die eerste drie maande van hierdie finansiële jaar klop die gemeente se begroting nie. Die tekorte in die drie maande was onderskeidelik R7 333, R15 424.00 en R25 508.00, wat ons 'n tekort van R 48 265.00 gee.

Wat staan ons te doen? Wat is jou talent(e)? Het jy raad of 'n idee? Kom ons bid hieroor, kom ondersteun waar ons kan en kom ons dink mooi wat elkeen van ons kan doen, en moet doen.....

*2 KORINTIËRS 9:7 "Elkeen moet gee soos hy hom in sy hart voorgeneem het, nie met teensin of uit dwang nie, want God het die blymoedige gewer lief."*

**Op ligter noot (*nie vir Ds Barry nie!*):** Ds Barry kry toe gordelroos, en die gevolg is dat hy nie kan skeer nie! In solidariteit met hom het Attie du Plooy, Willie van der Merwe en Dries de Jager ook besluit om nie te skeer nie. Wie sal die mooiste, beste baard teen basaartyd hê? Net die tyd sal leer! En die dames van die koffie-en-kuiergroep dames besluit! *Dries de Jager*